

## HOOFSTUK 4

### EMPIRIESE DATA

#### 4.1 INLEIDING

Die fokus van hierdie studie was om onderwysers se persepsie ten opsigte van samewerking met die spelterapeut in die hantering van die kind wat multi-getraumatiseerd is, te bepaal.

Vir die doeleindes van hierdie studie is empiriese data ingewin deur middel van fokusgroepbesprekings met twee afsonderlike groepe onderwysers. Die lede van die fokusgroepe is deur die navorser geselekteer op grond van voorafopgestelde seleksie kriteria.

In hierdie hoofstuk word die empiriese data soos verkry tydens fokusgroepbesprekings weergegee en geanaliseer.


#### 4.2 IDENTIFISERING VAN HOOFTEMA'S EN SUBTEMA'S

Die volgende hooftemas het vanuit die empiriese data na vore gekom:


- Probleme wat onderwysers ervaar met die kind wat multi-getraumatiseerd is binne die skoolopset;
- Behoeftes van onderwysers in die hantering van die kind wat multi-getraumatiseerd is;
- Die persepsies van onderwysers rakende spel terapie; en
- Samewerking tussen onderwysers en spelterapeute in die hantering van die kind wat multi-getraumatiseer is.

Elke hoofteema met sy onderskeie subtemas word skematies soos volg aangedui:


**FIGUUR 2 : SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HOOF- EN SUBTEMAS SOOS GEÏDENTIFISEER VANUIT DIE EMPIRIESE DATA: HOOFTEMA 1**




**FIGUUR 3: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HOOF- EN SUBTEMAS SOOS GEÏDENTIFISEER VANUIT DIE EMPIRIESE DATA: HOOFTEMA 2**



**FIGUUR 4: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HOOF- EN SUBTEMAS SOOS GE'IDENTIFISEER VANUIT DIE EMPIRIESE DATA: HOOFTEMA 3**



**FIGUUR 5: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN HOOF- EN SUBTEMAS SOOS GE'IDENTIFISEER VANUIT DIE EMPIRIESE DATA: HOOFTEMA 4**



#### 4.2.1 Hooftema 1: Probleme wat onderwysers ervaar met die kind wat multi-getraumatiseerd is binne die skoolsituasie

Die probleme wat onderwysers ervaar met die kind wat multi-getraumatiseerd is, is die eerste hooftema wat deur die navorser geïdentifiseer is. As daar in ag geneem word dat die gemiddelde kind in Suid-Afrika daaglik ongeveer ses uur op skool deur bring, blyk dit duidelik dat die onderwyser 'n verskeidenheid van probleme met die multi-getraumatiseerde kind kan beleef. (Vergelyk Turner & Helms, 1995:343 en Louw, *et al.*, 1998:352.)

Vier subtemas is onder hierdie hooftema geïdentifiseer naamlik gedragsprobleme, emosionele probleme, akademiese probleme en andere. Hierdie subtema's en hul kategorië sal vervolgens bespreek word.

##### 4.2.1.1 Gedragsprobleme

Vanuit die empiriese data is daar bevind dat onderwysers van mening is dat kinders wat multi-getraumatiseerd is met gedragsprobleme presenteer. Onder hierdie gedragsprobleme is aggressiwiteit en algemene onaanvaarbare gedrag wat die klas ontwrig gekategoriseer. Lewis (1999:62) staaf hierdie bevinding en meld dat multi-trauma dikwels die kind laat met gevoelens van aggressie en woede as gevolg van die verlies van beheer, hulpeloosheid en pyn wat deel uitmaak van die gebeurtenis. (Vergelyk Tedeschi & Calhoun, 1995:23.) Geldard & Geldard (1999:178) verduidelik verder dat die kind wat aan trauma of multi-trauma blootgestel is dikwels sosiaal onvanpaste gedrag openbaar.

Die navorser wil hierby aansluit deur te meld dat wanneer die kind aan traumatiese gebeure blootgestel word, wat hy nie in staat is om self te hanteer nie ervaar die kind gevoelens van vrees en hulpeloosheid. Indien die gevoelens wat met trauma gepaartgaan nie erkenning geniet en hanteer word nie, maar onderdruk word, kan dit in die vorm van woede en aggressie manifesteer.

#### 4.2.1.2 Emosionele probleme

Dit blyk vanuit die empiriese data dat onderwysers 'n veelheid van emosionele probleme by die multi-getraumatiseerde kind identifiseer. Wanneer die kind aan multi-trauma blootgestel is gee dit dikwels aanleiding tot regressie in die kind se emosionele ontwikkeling. Barnard, et al. (1999:28) meld dat die kind dikwels terugkeer tot 'n vroeëre vlak van emosionele ontwikkeling en gedrag. Die volgende emosionele probleme wat die kind ervaar is vanuit die empiriese data as kategorië van hierdie subtema geïdentifiseer:

- *Kind is stil en teruggetrokke en onttrek dikwels*  
Lewis (1999:69) meld dat die kind wat aan multi-trauma blootgestel is, dikwels onttrek en belangstelling verloor in aktiwiteite wat hy voorheen geniet het. Die navorser is van mening dat die kind dikwels so gepreokkupeerd is met die trauma dat hy as stil en teruggetrokke mag voorkom. Die vrese, angstigheid en herinneringe wat met die trauma gepaard gaan neem dikwels al die kind se energie in beslag wat tot gevolg het dat die kind eenvoudig nie daartoe instaat is om enige tyd of energie aan verhoudings of aktiwiteite te bestee nie. (Vergelyk Lewis, 1999:69.)
- *Swak selfbeeld en min selfvertroue*  
Multi-trauma gee dikwels daartoe aanleiding dat die kind voel dat hy sleg is of anders is as ander kinders en dit affekteer die kind se selfbeeld negatief (Lewis, 1999:69). Lindsay & Elsegood (1996:117) meld dat wanneer die kind gekonfronteer word met trauma of verlies en die gepaartgaande veranderings in gedrag, emosies, skuldgevoelens en selfblaam, die kind se selfbeeld die risiko loop om negatief beïnvloed te word. (Vergelyk Tedeschi & Calhoun, 1995:21.) Die navorser wil hierby aansluit en is van mening dat multi-trauma ook gepaartgaan met gevoelens van magteloosheid, hulpeloosheid en verlies van beheer, en dat hierdie gevoelens opsigself kan bydra tot 'n verlaging in die kind se selfbeeld.

- *Kind is oorsensitief en huilerig*

Oorsensitiwiteit wat gepaard gaan met angstigheid en vrees is een van die simptome van post traumatiese stres reaksie wat met trauma geassosieer word (Lewis,1999:13). (Vergelyk Briere,1992:20 ; Hendriks, *et al.*,1993:13 en Burgess & Hartman,1992:77.) Die kind in die middelkinderjare beskik dikwels nie oor die vaardighede om multi-trauma te hanteer en te verwerk nie, en gevolglik is die navorser van mening dat die verlies aan beheer, hulpeloosheid en angstigheid wat met trauma gepaard gaan kan bydra daartoe dat die kind oorsensitief en huilerig is.

- *Kind is gepreokkupeerd met die trauma*

Die kind se skynbare gepreokkupeerdheid met die trauma spruit volgens die navorser uit die simptome wat met post traumatiese stress geassosieer word. Briere (1992:20) noem dat traumatiese gebeure dikwels deur die kind herbeleef word in die vorm van terugflitse of nagmerries wat deur omgewings- of sensoriese faktore gesneller word. Hierdie terugflitse tesame met die kind se vrese wat spruit uit die trauma gee volgens die navorser aanleiding tot die kind se gepreokkupeerdheid met die trauma.

- *Onvermoë om in 'n groep te funksioneer*

Geldard & Geldard (1999:178) verduidelik dat die kind wat aan trauma of multi-trauma blootgestel is dikwels sosiaal onvanpaste gedrag openbaar wat daartoe aanleiding gee dat die kind moeilik in groepsverband funksioneer en selfs deur die portuurgroep verwerp kan word. Die multi-getraumatiseerde kind is dikwels aggressief, wantrouig van ander, is nie selfgeldend nie en kan selfs self-destruktiewe houdings openbaar – wat alles daartoe bydra dat die kind moeilik binne 'n groep funksioneer. (Vergelyk Geldard & Geldard,1999:178.) Vervolgens is die navorser van mening dat die verandering in gedrag wat multi-trauma tot gevolg het, aanleiding gee daartoe dat die kind sukkel om binne groepsverband te funksioneer.



#### 4.2.1.3 Akademiese probleme

'n Verskeidenheid van akademiese probleme blyk teenwoordig te wees by die kind wat multi-getraumatiseerd is. Vanuit die empiriese data is die volgende akademiese probleme geïdentifiseer, as kategorieë van die subtema:

- Konsentrasieprobleme;
- Aandagafleibaarheid;
- Kwaliteit van skoolwerk verlaag;
- Die kind is nie instaat om die lading van die skoolwerk te hanteer nie;
- Gebrekkige belangstelling in skoolwerk; en
- Huiswerk word nie gedoen nie.

Die kind wat aan multi-trauma blootgestel is is dikwels so oorweldig deur sy vrese, angs en herrinneringe aan die trauma dat sy vermoë om te konsentreer en helder te dink dikwels negatief beïnvloed word (Lewis, 1999:67). Multi-trauma beïnvloed verder die kind se geheue en vermoë om take te bemeester. Die kind kan ook reeds bemeesterde vaardighede verloor wanneer trauma met regressie gepaard gaan (Lewis, 1999:67 en Barnard, Morland & Nagy, 1999:27). Vanuit die navorser se betrokkenheid by skole en werk met multi-getraumatiseerde kinders kan die navorser Lewis (1999:68) se bevindings beaam. Die navorser is verder van mening dat dit in die verband belangrik is dat die kind se klasonderwyser kennis sal dra van die kind se situasie en ook opgevoed sal word ten opsigte van die moontlike trauma simptome ten einde die nodige ondersteuning en hulp aan die kind binne die klas te kan bied.

#### 4.2.1.4 Andere

Vanuit die empiriese data blyk dit dat multi-getraumatiseerde kinders mekaar se geselskap verkies en ander kinders vermy. As daar gekyk word na die literatuur rakende die invloed van multi-trauma op die portuurgroep meld Geldard & Geldard (1999:178) in die verband dat die multi-getraumatiseerde kind dikwels wantrouig van ander is, nie selfgeldend is nie en selfs self-destruktiewe houdings kan openbaar, wat alles daartoe bydra dat die kind deur die portuurgroep verwerp kan word. (Vergelyk Geldard & Geldard, 1999:178.)

Die navorser wil hierby aansluit en meld dat hierdie moontlik die rede kan wees waarom multi-getraumatiseerde kinders mekaar se geselskap verkies. Wanneer hulle deur die portuurgroep verwerp word vind hulle 'n sin van geborgenheid en aanvaarding by ander multi-getraumatiseerde kinders en 'n tipe van 'n sub-kultuur word geskep.

#### **4.2.2 Hooftema 2: Behoeftes van onderwysers in die hantering van die kind wat multi-getraumatiseerd is**

Die tweede hooftema wat vanuit die empiriese data geïdentifiseer is is die behoeftes van onderwysers in die hantering van die kind wat multi-getraumatiseerd is. Vier behoeftes, soos in Figuur 4.2 as subtema's voorgestel is is onder die hooftema geïdentifiseer. Elk van die subtema's sal vervolgens meer volledig bespreek word.

##### **4.2.2.1 Onderwysers het 'n behoefte aan inligting**

Vanuit die empiriese data blyk dit dat onderwysers 'n behoefte het aan die volgende tipes inligting:

- Inligting wat hulle in staat sal stel om die multi-getraumatiseerde kind te kan identifiseer;
- Inligting met betrekking tot hulpbronne in die gemeenskap;
- Inligting met betrekking tot die proses van verwysing na die hulpbronne;
- Inligting met betrekking tot die konteks van die kind se probleem ten einde verhoogde begrip te ontwikkel.

Pennels & Smith (1995:37) meld dat dit deel van die rol en taak van onderwysers is om op te let na veranderinge in kinders se gedrag en dat onderwysers bewus moet wees van die simptome en gevaartekens wat met post traumatiese stres geassosieer word. Die behoefte aan inligting, soos uit die empiriese data na vore gekom het, sluit dus aan by die rol van onderwysers in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind. Die navorser is van mening dat dit van kardinale belang is dat onderwysers oor die nodige inligting sal beskik wat hulle instaat sal stel om die multi-getraumatiseerde kind te

identifiseer en ook te verwys na die mees geskikste hulpbron in die gemeenskap. Dit is gevolglik verder van belang dat onderwysers 'n netwerk sal opbou met ander professionele wat binne die veld van kindertrauma en terapie met kinders werksaam is, ten einde die kind sodoende te kan verwys.

Dit is egter nodig dat die inligting ook gepaard sal gaan met die nodige vaardighede in die hantering van die kind.

#### 4.2.2.2 Onderwysers het 'n behoefte aan vaardighede in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind

Meer as net 'n behoefte aan inligting blyk onderwysers ook 'n behoefte aan verskeie vaardighede te hê, spesifiek met betrekking tot die hantering van die multi-getraumatiseerde kind binne die klasopset. Die vaardighede waaraan onderwysers 'n behoefte het, sluit die volgende in:

- Behoefte aan vaardighede in die hantering van die probleemgedrag van die multi-getraumatiseerde kind;
- Behoefte aan vaardighede in die ondersteuning van die multi-getraumatiseerde kind; en
- Behoefte aan vaardighede in die hantering van hul eie emosionele reaksie en stres as reaksie op die multi-getraumatiseerde kind en sy gedrag.

Die behoefte wat onderwysers het aan vaardighede ten opsigte van die hantering van die kind se probleemgedrag en vaardighede in die ondersteuning van die kind, sluit volgens die navorser aan by die rol van onderwysers in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind. Pennels & Smith (1995:31) meld in die verband dat die skool dikwels vir kinders 'n veilige hawe is weg van die trauma of probleme by die huis en gevolglik word daar gevind dat kinders dikwels by die skool uiting aan hulle gevoelens en frustrasies sal gee. In die lig hiervan is dit nie alleen te verstane dat onderwyser 'n behoefte aan vaardighede het nie, maar volgens die navorser is dit ook van kardinale belang dat onderwysers toegerus sal word met die nodige vaardighede om die

probleemgedrag van die multi-getraumatiseerde kind binne die skoolsituasie te kan hanteer.

Pennels & Smith (1995:37) identifiseer verder die volgende aspekte wat deel uitmaak van die onderwyser se rol as dit kom by die multi-getraumatiseerde kind:

- Onderwysers moet 'n ondersteunende atmosfeer skep waarbinne leerlinge openlik kan gesels en gevoelens kan deel;
- Onderwysers moet leerlinge se reg op privaatheid respekteer, maar terselfde tyd nie leerlinge afsonder van hul portuurgroep nie.

Die navorser is van mening dat onderwysers oor sekere vaardighede moet beskik ten einde hierdie funksie te kan verrig.

Nie alleenlik bring kinders die grootste deel van hulle dag binne die skoolsisteem deur nie, maar onderwysers tree in baie opsigte as plaasvervangende ouers op en vervul dikwels 'n prominente rol in die lewe van die kind in die middelkinderjare. (Vergelyk Louw, *et.al.*, 1998:325.) Met in agname van die inligting blyk dit vanselfsprekend dat onderwysers, met in agname van individuele verskille, wel 'n bepaalde emosionele en stres reaksie sal hê op multi-getraumatiseerde kind en sy gedrag. In die verband is die navorser van mening dat die spelterapeut of ander professionele persone ondersteunende rol moet vervul ten opsigte van onderwysers wat by die multi-getraumatiseerde kind betrokke is.

#### 4.2.2.3 Onderwysers het 'n behoefte aan ondersteuning

'n Behoefte aan ondersteuning vanaf kollegas, ander professies en hulpbronne in die gemeenskap is geïdentifiseer. Te same hiermee blyk onderwysers ook 'n behoefte te hê aan ondersteuning met betrekking tot hulle eie funksionering en hantering van druk wat spruit uit hulle werkslading en interaksie met die multi-getraumatiseerde kind. Hierdie behoefte vind aansluiting by onderwysers se behoefte aan vaardighede in die hantering van hul eie emosionele reaksie en

stres as reaksie op hul interaksie met die multi-getraumatiseerde kind, en sal vervolgens nie weer hier bespreek word nie.

#### 4.2.2.4 Onderwysers het 'n behoefte aan samewerking

Vanuit die empiriese data blyk dit dat onderwysers 'n behoefte het aan samewerking met ouers asook samewerking met hulpbronne in die gemeenskap.

Hierdie behoefte van onderwysers tot samewerking met ouers vind aansluiting by die rol van onderwysers in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind. Pennels & Smith (1995:37) meen in die verband dat dit die taak van onderwysers is om sterk bande met die gesin en ander betekenisvolle persone daar te stel en te handhaaf. Van der Merwe (1996:25) meld in dié verband dat dit onmoontlik is om in isolasie met die kind te werk en meen dat ouers vennote in die proses is. (Vergelyk Lewis, 1999:180.) Die navorser wil hierby aansluit en byvoeg dat dit nie alleenlik belangrik is om die nodige ondersteuning en hulp aan die gesin te bied nie, maar dat die gesin ook oor waardevolle inligting rakende die kind beskik. Die gesin is ook in die aangewese posisie om die kind se vordering en aanpassing tuis te monitor.

Samewerking met hulpbronne in die gemeenskap en ander professies wat 'n betekenisvolle bydrae kan maak is egter ook van kardinale belang. Horwarth (2001:78) sluit hierby aan en meld dat die behoeftes en probleme van kinders slegs effektief aangespreek kan word deur middel van samewerking tussen die verskillende professies betrokke by die kind. Dit is gevolglik van kardinale belang dat onderwysers 'n netwerk sal opbou met ander professionele persone wat binne die veld van kindertrauma en terapie met kinders, werksaam is.

#### 4.2.3 Hooftema 3: Die persepsies van onderwysers rakende speltherapie

Die persepsies van onderwysers rakende speltherapie is die derde hooftema wat vanuit die empiriese data geïdentifiseer is. Die persepsies wat navore gekom het is onderverdeel in drie subtemas naamlik positiewe persepsies, negatiewe persepsies en onsekerhede.

##### 4.2.3.1 Positiewe persepsies van onderwysers rakende speltherapie

Dit wil voorkom asof die meerderheid van die onderwysers wat aan die studie deelgeneem het positiewe persepsies rakende speltherapie handhaaf. Die volgende positiewe persepsies het na vore gekom:

- Speltherapie is 'n nie-bedreigende vorm van terapie vir die kind;
- Binne speltherapie word die kind se natuurlike medium van spel benut om probleme aan te spreek;
- Speltherapie is nie taalgebonde nie en gevolglik is dit ook geskik vir kinders wie se eerste taal nie dieselfde as die terapeut sin is nie (Engels / Afrikaans);
- Tydens speltherapie is die kind onbewus van die inligting wat hy deurgee;
- Onderwysers voel dat daar minder van 'n stigma aan die begrip speltherapie kleef as aan die begrip maatskaplike werk of sielkunde en dat ouers gevolglik meer bereid is om hulle kinders vir speltherapie te laat inskakel; en
- Spelterapeute beskik oor unieke vaardighede om met kinders te werk.

Die positiewe persepsies van onderwysers rakende speltherapie korroleer met die definisies van speltherapie soos vroeër in die literatuur bespreek in Hoofstuk 3 – 3.2.

Vanuit persoonlike ondervinding deur die betrekking van leerlinge van verskeie skole by speltherapie kan die navorser aansluit by die persepsie van onderwysers dat die begrip speltherapie minder gestigmatiseer word as die begrippe maatskaplike werk en of sielkunde. Die navorser het op verskeie geleenthede ondervind dat ouers meer bereid is om toestemming te gee dat hulle kind inskakel vir speltherapie en ook beter samewerking met die

speltherapeut lewer wanneer daar verwys word na speltherapie en speltherapeut, in plaas van na maatskaplike werk en maatskaplike werker.

#### 4.2.3.2 Negatiewe persepsies van onderwysers rakende speltherapie

Alhoewel die negatiewe persepsies wat onderwysers van speltherapie het in die minderheid was het 'n onsekerheid rakende die effektiwiteit van speltherapie tog by sommige van die onderwysers na vore gekom. Verder blyk daar ook 'n mate van negatiwiteit by onderwysers te wees rakende die mate van terugvoer en ondersteuning wat onderwysers ontvang vanaf spelterapeute met betrekking tot die kind wat inskakel vir speltherapie.

Hierdie negatiewe persepsies dui vir die navorser op die belangrikheid van gereelde terugvoer aan onderwysers met betrekking tot die vordering van die kind wat speltherapie ontvang. Die navorser is van mening dat indien onderwysers op 'n gereelde grondslag terugvoer en aanbevelings vanaf die spelterapeut ontvang rakende die kind wat speltherapie ontvang, sal negatiewe persepsies rakende die terugvoer en ondersteuning van spelterapeute, maar ook rakende die effektiwiteit van speltherapie verander word.

#### 4.2.3.3 Onsekerhede

Buiten vir die positiewe en negatiewe persepsies rakende speltherapie wat vanuit die empiriese data geïdentifiseer is, blyk daar ook baie vrae en onsekerhede by onderwysers te bestaan rakende die aard en omvang van speltherapie. Vrae rakende die geskiktheid van speltherapie vir adolosente en die benutting van speltherapie in groepsverband het na vore gekom.

Die navorser is van mening dat dit belangrik is dat geleentheid geskep sal word om die vrae van onderwysers te beantwoord. Spesifiek wanneer 'n kind na 'n spelterapeut verwys word is dit nie net belangrik dat die spelterapeut terugvoer en ondersteuning aan die onderwysers betrokke by die kind sal bied nie, maar dat tyd gemaak sal word om aan onderwysers te verduidelik persies wat speltherapie behels en enige vrae wat hulle het te beantwoord. Die navorser is

oortuig dat dit nie alleenlik sal bydra tot 'n beter samewerkingstruktuur tussen onderwysers en spelterapeute nie, maar dat persepsies oor spel terapie op die wyse ook verbeter sal word.

#### **4.2.4 Hoofitema 4: Samewerking tussen onderwysers en spelterapeute in die hantering van die kind wat multi-getraumatiseerd is**

'n Verdere hoofitema wat vanuit die empiriese data geïdentifiseer is verwys na samewerking tussen onderwysers en spelterapeute in die hantering van die kind wat multi-getraumatiseerd is. Drie subtema's wat as onderafdelings van 'n samewerkingstruktuur kan dien is geïdentifiseer.

##### **4.2.4.1 *Kommunikasie en 'n samewerkingstruktuur tussen onderwysers en spelterapeute***

Kommunikasie as komponent van 'n samewerkingstruktuur tussen onderwysers en spelterapeute het prominent vanuit die empiriese data na vore gekom. Die volgende aspekte rakende kommunikasie is uitgelig:

- Skriftelike terugvoer vanaf die spelterapeut met betrekking tot die vordering van terapie en aanbevelings rakende die hantering van die kind binne die skoolsituasie;
- Terugvoer van onderwysers met betrekking tot probleme en vordering van die kind in die skoolopset;
- Gereelde vergaderings tussen spelterapeute, onderwysers en ander rolspelers ten einde terugvoer te lewer en beplanning te doen.

Die belangrikheid van terugvoer vanaf spelterapeut aan onderwysers is reeds in die voorafgaande gedeelte rakende die persepsie van onderwysers rakende spel terapie bespreek. Die belangrikheid van gereelde terugvoer met betrekking tot die vordering van die kind wat spel terapie ontvang asook aanbevelings van die spelterapeut ten opsigte van die hantering van die kind binne die skoolsituasie, is uitgelig. Die fokus was egter op die verantwoordelikheid van die spelterapeut om terugvoer aan onderwysers te lewer.



Horwarth (2001:188) is van mening dat onderwysers, weens die daaglikse kontak wat hulle met die kind het en hulle professionele kennis ten opsigte van die kind se ontwikkelingsbehoefte, in die aangewese posisie is om die vordering en aanpassing van die kind te monitor. Gevolglik is die navorser van mening dat onderwysers dus ook 'n verantwoordelikheid het om terugvoer aan die spelterapeut te lewer met betrekking tot die vordering van die kind en enige probleme wat hulle binne die skoolopset beleef. Wedersydse terugvoer vanaf beide partye kan slegs tot voordeel van die terapeutiese proses en dus tot voordeel van die kind wees.

McWhirter, *et al.* (1998:70) is van mening dat samewerking tussen onderwysers en spelterapeute bevorder kan word deur gereelde en gefokusseerde vergaderings tussen onderwysers, spelterapeute en ander professionele persone betrokke by kinders, te hou. Die idee van gereelde vergadering soos in die empiriese data uitgelig is nie net in lyn met die mening van McWhirter, *et al.* (1998:70) nie, maar ook in lyn met die Gauteng Departement van Onderwys se implimentering van skoolgebaseerde ondersteunings groepe by alle skole. (Vergelyk Joubert, 2003.) Die navorser ondersteun die menings van McWhirter, *et al.* (1998:70) asook dié van die Gauteng Departement van Onderwys en is van mening dat gereelde gestruktureerde vergaderings die beste wyse is om terugvoer te lewer, ondersteuning te bied en die proses van samewerking te fasiliteer.

#### 4.2.4.2 Onderskeie rolle van onderwysers en spelterapeute binne 'n samewerkingstruktuur

Die rolle van onderwysers en spelterapeute binne 'n samewerkingstruktuur met betrekking tot die hantering van die kind wat multi-getraumatiseerd is, is uniek, maar tog aanvullend tot mekaar. Die volgende onderskeie rolle is vanuit die empiriese data as kategorieë van die subtema geïdentifiseer.

- *Die rol van onderwysers binne 'n samewerkingstruktuur met betrekking tot die hantering van die multi-getraumatiseerde kind*

Die rol van onderwysers binne 'n samewerkingstruktuur in die hantering van die kind wat multi-getraumatiseerd is blyk vanuit die empiriese data, drieledig te wees:

- Identifisering van die multi-getraumatiseerde kind en verwysing na speltherapie;
- Monitor probleme en die kind se vordering in die klas
- Gesamentlike beplanning met die spelterapeut ten opsigte van die nodige assesserings.

Die take en rolle van onderwysers soos vanuit die empiriese data geïdentifiseer sluit aan by die literatuur oor die onderwerp. Vanuit die literatuur (Pennells & Smith, 1995:37 en Horwarth, 2001:188) blyk dit duidelik dat die rol van die onderwyser ten opsigte van die multi-getraumatiseerde kind hoofsaaklik dié is van identifisering van die kind, ondersteuning aan die kind te bied, om die kind in kontak te bring met die nodige hulpbronne, en die kind se gedrag en aanpassing te monitor. Die navorser stem saam met die rol en take van onderwysers soos vanuit die empiriese data navore gekom en deur die literatuur bevestig. Die navorser is van mening dat dit egter hier is waar die rol van die onderwyser ten opsigte van die multi-getraumatiseerde kind op hou en die spelterapeut die verantwoordelikheid ten opsigte van terapie moet oorneem.

- *Die rol van spelterapeute binne 'n samewerkingstruktuur met betrekking tot die hantering van die multi-getraumatiseerde kind*

Die empiriese data dui aan dat die rol van die spelterapeut binne 'n samewerkingstruktuur in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind die volgende behels:

- Therapie;
- Terugvoer en aanbevelings van onderwysers

- Werkswinkels aan onderwysers met betrekking tot inligting en vaardighede.

Alhoewel die empiriese data die essensie van die rol van die spelterapeut in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind saamvat, meen die navorser dat die rol van die spelterapeut wyer is as slegs dit wat deur die empiriese data weergegee word. Vanuit die literatuur (Lewis, 1999:180 en Pennels & Smith, 1995:40,42) blyk dit dat die rol en taak van die spelterapeut hoofsaaklik drieledig van aard is. In die eerste plek het die spelterapeut 'n bepaalde verantwoordelikheid teenoor die multi-getraumatiseerde kind in individuele terapie; die spelterapeut het ook 'n rol om te vervul binne die gesin van die multi-getraumatiseerde kind; en die spelterapeut het ook 'n ondersteunende en opvoedingstaak teenoor onderwysers en ander persone betrokke by die multi-getraumatiseerde kind. (Vergelyk Lewis, 1999:180 en Pennels & Smith, 1995:40,42.)

Die navorser is van mening dat die unieke rolle van spelterapeut en onderwysers in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind mekaar komplimenteer en binne 'n samewerkingstruktuur tot voordeel van die multi-getraumatiseerde kind aangewend kan word.

#### 4.2.4.3 Andere

Twee verdere aspekte wat deel uitmaak van 'n samewerkingstruktuur tussen onderwysers en spelterapeute in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind, wat vanuit die empiriese data na vore gekom het behels:

- Die betrekking van ander rolspelers by die proses; en
- Voorkomende programme

Die betrekking van ander rolspelers by die proses van hulp aan die multi-getraumatiseerde kind en binne 'n samewerkingstruktuur tussen onderwysers en spelterapeute is reeds vroeër in die hoofstuk onder punt 4.2.2.3 bespreek en sal vervolgens nie weer hier aandag geniet nie.

Die aanbieding van voorkomingsprogramme om kinders voor te berei op die moontlikheid van trauma is deur onderwysers geïdentifiseer as 'n belangrike aspek wat gesamentlik deur onderwysers en spelterapeut aangepak behoort te word. Sowel McWhirter, *et.al.* (1998:126) en Lewis (1999:78) as Smith (2000,127) maak melding van die konsep dat leerlinge deur middel van klaskamer of groepbesprekings voorberei moet word op die moontlikheid van trauma. Die navorser ondersteun die idêe ten sterkste en meen dat leerlinge nie alleenlik voorberei word op trauma en post traumatiese stres simptome nie, maar dat dit ook aanleiding kan gee tot groter begrip en empatie onder leerlinge.

### 4.3 **SAMEVATTING**

Die fokus van die navorsing was om 'n ondersoek te loots na die persepsie van onderwysers met betrekking tot samewerking met die spelterapeut in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind.

Vanuit die empiriese data is vier hooftemas geïdentifiseer. Subtemas en kategoriëe is onder elk van die hooftema's geïdentifiseer. Die hooftema's en subtema's soos vanuit die empiriese data geïdentifiseer kan soos volg saamgevat word:

**Tabel 1: Hoof- en subtema's soos geïdentifiseer vanuit die empiriese data**

<b>HOOFTEMA'S</b>	<b>SUBTEMAS</b>
1. Die probleme wat onderwysers ervaar met die kind wat multi-getraumatiseerd is binne die skoolsituasie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gedragsprobleme</li> <li>• Emosionele probleme</li> <li>• Akademiese probleme</li> <li>• Andere</li> </ul>
2. Die behoeftes van onderwysers in die hantering van die kind wat multi-getraumatiseerd is	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Inligting</li> <li>• Vaardighede</li> <li>• Ondersteuning</li> <li>• Samewerking</li> </ul>
3. Die persepsie van onderwysers rakende speltherapie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Positiewe persepsies</li> <li>• Negatiewe persepsies</li> <li>• Onsekerhede</li> </ul>
4. Samewerking tussen onderwysers en spelterapeute in die hantering van die kind wat multi-getraumatiseerd is	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kommunikasie en 'n samewerkingstruktuur</li> <li>• Onderskeie rolle van onderwysers en spelterapeute</li> <li>• Andere</li> </ul>

Die hoofteema's, subteema's en kategorieë soos vanuit die empiriese data geïdentifiseer, korreleer deurlopende met die literatuur en dui volgens die navorsing op 'n ooreenstemming tussen die teorie en praktyk.

In Hoofstuk 5 sal die navorser se gevolgtrekkings en aanbevelings volledig bespreek word.